# STAATSKOERANT, 1 OKTOBER 1999 NO. 20491

# DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU

No. 1160 1 Oktober 1999

NASIONALE WATERWET, 1998 (WET N0. 36 VAN 1998)

**INSTELLING VAN WATERBESTUURSGEBIEDE, MET HUL GRENSE, AS DEEL VAN DIE NASIONALE WATERHULPBRONSTRATEGIE KRAGTENS ARTIKEL 5(1) VAN DIE NASIONALE WATERWET (WET NO. 36 VAN 1998)**

Ek, RONALD KASRILS, LP, Minister van Waterwese en Bosbou, stel hierby kragtens artikel 5(1) van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), die waterbestuursgebiede in en stel hul grense vas soos ingesluit in die Bylae hiertoe as deel van die Nasionale Waterhulpbronstrategie.

BYLAE

| WATERBESTUURSGEBIED | GRENS BESKRYWING |
|---|---|
| 1. Limpopo:<br><br>Hoofriviere sluit in die Limpopo, Matlabas, Mokolo, Lephalala, Mogalakwena, Sand en Nzhelele | Tersiêre dreineringstreke A41, A42, A50, A61 tot A63, A71, A72 en A80. |
| 2. Luvuvhu en Letaba:<br><br>Hoofriviere sluit in die Mutale, Luvuvhu en Letaba | Tersiêre dreineringstreke A91, A92, B81 tot B83 en B90. |
| 3. Krokodil (Wes) en Marico:<br><br>Hoofriviere sluit in die Crocodile (West) en Marico | Tersiêre dreineringstreke A10, A21 tot A24, A31, A32 en kwartêre dreineringstreke D41A. |
| 4. Olifants:<br><br>Hoofriviere sluit in die Elands, Wilge, Steelpoort en Olifants | Tersiêre dreineringstreke B11, B12, B20, B31, B32, B41, B42, B51, B52, B60 en B71 tot B73. |
| 5. Inkomati:<br><br>Hoofriviere sluit in die Nwanedzi, Sabie, Krokodil (Oos) en Komati | Primêre dreineringstreek X. |
| 6. Usutu tot Mhlatuze:<br><br>Hoofriviere sluit in die Usutu, Pongola, Mhlatuze, Mfolozi en Mkuze | Primêre dreineringstreek W. |
| 7. Thukela:<br><br>Hoofrivier is die Thukela | Primêre dreineringstreek V. |
| 8. Hoër Vaal:<br><br>Hoofriviere sluit in die Wilge, Liebenbergsvlei en Vaal | Tersiêre dreineringstreke C11 tot C13, C21 tot C23 en C81 tot C83. |
| 9. Middel Vaal:<br><br>Hoofriviere sluit in die Mooi, Vet en Vaal | Tersiêre dreineringstreke C24, C25, C41 tot C43, C60 en C70. |

| | |
|---|---|
| 10. Benede Vaal:<br><br>Hoofriviere sluit in die Harts, Molopo en Vaal | Tersiêre dreineringstreke C31 tot C33, C91, C92 (uitsluitend kwartêre opvanggebied C92C), D41 (uitsluitend kwartêre opvanggebied D41A) en kwartêre opvanggebiede D73A en gedeeltes van D42C, D42D, D73B, D73C, D73D and D73E. Die westelike grens van hierdie gebied strek af van die samevloeiing van die Kuruman en die Molopo Riviere van waar dit die waterskeiding volg tussen die kwartêre opvanggebiede D42C en D42D tot by die grens van die Kalahari-Oos Waterraad. Die grens van die Waterbestuursgebied volg van hieraf die Waterraad grens tot by 'n punt, wes van die Langberge, 19 kilometers wes van Beeshoek, naby Postmasburg. Die grens van die Waterbestuursgebied loop van hieraf in 'n Suidoostelike rigting tot by die grens van die kwartêre opvanggebiede D73A en D73B. Die grens volg hierdie waterskeiding, en dit tussen D73A en D71B, tot waar dit aansluit by die waterskeiding van die tersiêre opvangebied C92. |
| 11. Mvoti tot Umzimkulu:<br><br>Hoofriviere sluit in die Mvoti, Umgeni, Umkomazi en Umzimkulu | Primêre dreineringstreek U en tersiêre dreineringstreke T40, T51 en T52. |
| 12. Mzimvubu tot Keiskamma:<br><br>Hoofriviere sluit in die Mzimvubu, Mtata, Mbashe, Buffels, Nahoon, Groot Kei en Keiskamma | Primêre dreineringstreke R en S, en tersiêre dreineringstreke T11 tot T13, T20, T31 tot T36, T60, T70, T80 en T90. |
| 13. Hoër Oranje:<br><br>Hoofriviere sluit in die Modder, Riet, Caledon en Oranje | Tersiêre dreineringstreke C51, C52, D11 tot D18, D21 tot D24, D31, D32, D34 en D35. |
| 14. Benede Oranje:<br><br>Hoofriviere sluit in die Ongers, Hartbees en Oranje | Primêre dreineringsstreek F (uitsluitend tersiêre dreinerstreek F60), tersiêre dreineringstreke D33, D42 (uitsluitend kwartêre opvanggebied D42C en gedeeltes van D42D), D51 tot D58, D61, D62, D71 tot D73 (uitsluitend kwartêre opvanggebied D73A en gedeeltes van D73B, D73C, D73D en D73E), D81, D82, en kwartêre opvanggebied C92C. |
| 15. Vis tot Tsitsikamma:<br><br>Hoofriviere sluit in die Vis, Kowie, Boesmans, Sondags, Gamtoos, Kromme, Tsitsikamma en Groot | Primêre dreineringstreke L, M, N, P, Q en tersiêre dreineringstreke K80 en K90. |
| 16. Gouritz:<br><br>Hoofriviere sluit in die Gouritz, Olifants, Kamanassie, Gamka, Buffels, Touws, Goukou en Duiwenhoks | Primêre dreineringstreek J en tersiêre dreineringstreke H80, H90 en K10 tot K70. |

| | |
|---|---|
| 17. Olifants/Doorn:<br><br>Hoofriviere sluit in die Olifants, Doorn, Krom, Sand en Sout | Primêre dreineringstreek E en tersiêre dreineringstreke G30 en F60. |
| 18. Breede:<br><br>Hoofriviere sluit in die Breede, Sonderend, Sout, Bot en Palmiet | Tersiêre dreineringstreke G40 (uitsluitend kwartêre opvanggebied G40A), G50, H10 tot H70. |
| 19. Berg:<br><br>Hoofriviere sluit in die Berg, Diep en Steenbras | Tersiêre dreineringstreke G10, G21 en G22, en kwartêre opvanggebied G40A, met ‘n noordelike grens wat die waterskeiding tussen tersiêre dreineringstreke G10 en G30 volg tot by die dorp van Aurora. Van Aurora loop die grens wes, direk kus toe. |

# WATERBESTUURSGEBIEDE

